INSIG | SAOU | INSIGHT

PROFESSIONELE ONTWIKKELING

PROFESSIONAL DEVELOPMENT

Insig 13 Insight 13
2016/12/05

NASIONALE ASSESSERING OMSENDSKRYWE NO. 3 VAN 2016

Neem asseblief dringend kennis van bogenoemde skrywe wat onmiddellik van krag is en slegs geld vir Grade 7, 8 en 9 vir 2016. Kliek hier om die Omsendskrywe ("National Assessment Circular No 3 of 2016") te besigtig.

Volgens hierdie skrywe moet leerlinge in Grade 7, 8 en 9 wat aan al die promosievereistes voldoen maar nie vlak 3 (40%) vir Wiskunde behaal het nie en dus teruggehou behoort te word, nou wel gekondoneer word indien 'n minumum van 20% in Wiskunde behaal is.

Dit impliseer dat die Wiskundepunt van die leerder gekondoneer word en die leerder dan wel gepromoveer word na die volgende graad. Die Omsendskrywe verduidelik op watter wyse dit op die leerder se rapport aangedui moet word.

Lede moet onthou dat Omsendskrywe no 3 van 2015, wat handel oor die punte aanpassing, steeds geld en eers toegepas moet word, voordat die kondonering van Wiskunde hanteer word. Kliek hier om Omsendskrywe No 3 van 2015 te besigtig.

Let wel: In die geval van die punte aanpassing, word die **aangepaste punt** op die rapport met 'n (*) langs die aangepaste punt aangedui. Waar 'n punt gekondoneer word in Wiskunde, word die **werklike/ oorspronklike punt** aangedui met 'n (C) langs die oorspronklike Wiskunde punt.
Om hierdie saak verder duidelik te maak word die volgende voorbeeld voorsien:

Vak	Werlike punt	Vereistes volgens KAV beleid	Aanpassing om aan vereistes te voldoen
Huistaal	45%	50%	Aangepas met 5%
Eerste Additionele taal	34%	40%	Aangepas met 6%
Wiskunde	23%	40%	Gekondoneer

WYSIGING AAN DIE NASIONALE BELEID MBT DIE PROGRAM EN BEVORDERINGSVEREISTES VAN DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING GRAAD R-12 (DESEMBER 2016)

Hierdie wysiging raak leerders in Grade 10 en 11 met betrekking tot die vereistes waaraan voldoen moet word voordat progressie kan plaasvind. Voorheen was hierdie progressievereistes slegs 'n riglyn, maar dit is nou formele beleid. Leerders wat voorheen Grade 10 of 11 gedruip het en weer nie voldoen aan die promosievereistes nie, moet onder andere voldoen aan die volgende voorwaardes:

- Slaag 4 van die 7 vakke, waaronder die taal van onderrig asook LO;
- Gereelde skoolbywoning: mag nie afwesig wees vir langer as 20 dae sonder 'n geldige verskoning nie,
- Moet voldoen aan die SBA vereistes vir al die vakke, insluitend die vakke wat gedruip word.

Om na die wysigings te kyk, kliek hier.

Ander dokumente in hierdie verband sluit in; *Guideline for the implementation of Promotion and Progression for Grades 10-12 (2015); Criteria for the Implementation of Progression in Grades 10-12*. Hierdie dokumente is op die SAOU se webwerf beskikbaar (www.saou.co.za).

Vir enige verdere toeligting of navrae kontak Wessel Viljoen:
wesselv@saou.co.za / 012 436 0900

INSIG | SAOU | INSIGHT

PROFESSIONELE ONTWIKKELING

PROFESSIONAL DEVELOPMENT

Insig 13 Insight 13
2016/12/05

NATIONAL ASSESSMENT CIRCULAR NO. 3 OF 2016

Urgently note the above Circular that is effective immediately and is only valid for Grades 7, 8 and 9 for 2016. Click here to look at the Circular.

According to the Circular, learners in Grade 7, 8 or 9, who have met all the requirements in respect of promotion, except the attainment of a level 3 (40%) in Mathematics and should therefore be retained, must be condoned in Mathematics provided they achieved a minimum of 20% in Mathematics.

This implies that the Mathematics mark of the learner must be condoned and the learner must be promoted to the next grade. The Circular explains how it should be reflected on the learner's report.

Members must remember that Circular 3 of 2015 remains applicable. This means that the mark adjustment as described in Circular 3 of 2015 must first be applied and only thereafter can this special condonation dispensation be effected. Click here for Circular No. 3 of 2015.

Note: In the case of the mark adjustment, t**he adjusted mark** should be indicated with an asterisk (*). Where a learner's mark is condoned in Mathematics, the **original mark** attained by the learner must be indicated and the letter (C) must be inserted next to the mark to indicate that the mark has been condoned.
See the following example:

Subject	Original Learner Mark	CAPS requirement	Adjustment to meet the CAPS requirement
Home Language	45%	50%	Adjust by 5%
First Additional Language	34%	40%	Adjust by 6%
Mathematics	23%	40%	Condoned

APPROVAL OF THE AMENDMENT TO THE REGULATIONS PERTAINING TO THE NATIONAL CURRICULUM STATEMENT GRADES R-12 (DECEMBER 2016)

This adjustment is applicable to learners in Grades 10 and 11, and specifically, the requirements that must be adhered to before the learner may be progressed to the next grade. Previously these requirements were only considered guidelines, but they have now been incorporated into the policy. Learners who previously failed Grade 10 or 11, and again did not meet the requirements, must now comply with the following criteria:

- Pass 4 of the 7 subjects, including the Language of Learning and Teaching and LO;
- Regular school attendance: a learner may not be absent for more than 20 days without a valid reason;
- Must meet the SBA requirements in all subjects, including those that have been failed.

To view the changes, click here.
Other documents in this regard include: *Guideline for the implementation of Promotion and Progression for Grades 10-12 (2015) and Criteria for the Implementation of Progression in Grades 10-12*. These documents are available on the SAOU website (www.saou.co.za).

For any further information or inquiries, please contact Wessel Viljoen (wesselv@saou.co.za) 012 436 0900